DEEL 112 | WEEK 9 | 5 MAART | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# ONS VERGEET NIE



Die FAK en Heilbron Voortrekker Komando het Saterdag ter ere van afgestorwe helde van die Anglo Boereoorlog 'n kranslegging gedoen by die Burgerskap-monument voor die NG Moedergemeente kerk in Heilbron. Tydens die seremonie op 27 Februarie is daar ook hulde gebring aan Dirkie Uys wat op 27 Februarie 1902 dood is op 'n jong ouderdom van 12 jaar. Hy word beskryf as 'n onbekende held. Die FAK skryf in 'n mediaverklaring dat Uys ook as 'n van op die Burgersmonument aangeteken is. Daar kan egter nie met sekerheid gesê word of dit wel Dirkie Uys is nie.

Drie kranse was ook neergelê einde Januarie ter eer van CJ Steyn wat ook as 'n held van hierdie omgewing beskryf word en was dit Saterdag die tweede keer die jaar wat die FAK in samewerking met die Heilbron Voortrekkers eer gee aan afgestorwenes. (Heilbron Herald van 22 en 29 Januarie 2021.)

Volledige berig van die seremonie se gebeure "FAK en Voortrekkers bring hulde aan gestorwenes van ABO in die Vrystaat" op bladsy 7. Op die foto is die Gr 6 en 7 voortrekkerspanne by die monument saam met Quarta Pretorius, bekende historikus in Heilbron. Sy is ook 'n vriend van Die Voortrekkers en direksielid van Vegkop en Riemland-museum.

*Foto erkenning: Rickus van Zyl*

NG Moedergemeente

Vars gebak
huisvlyt
VLEISSNITTE
(solank voorraad hou)
Witolifante
weekliks op ons snuffeltafel
(solank voorraad hou!)

Sosaties!
12 Maart, 11:00 – 14:00, kerksaal
Sosatierol – R30
Slegs sosatie – R20
Aartappelslaai – R10
Rou sosaties – R20
Bestel by Annari 0822248741

Kerrie & Rys!
19 Maart, 11:00 – 14:00, kerksaal
R 25
Bestel by Surene 0828546469

Braai-vleis!
R60
Gebraaide tjop
Gebraaide wors
Broodrolletjie
2 x slaaie
Bestel by Lizel – 082 7102412

R15
Basaar-poeding!
Bestel by Marlize 0827734713

BKB LOUWID
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE



Vir kraalbesprekings en inskrywings skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkblouwild.co.za
www.bkb.co.za
Waar sake elke keer, die eerste keer reg gedoen word!

# *In* FOKUS *hierdie week .... Gesondheid*

**In FOKUS hierdie week… Gesondheid**

**Ons het weer 'n paar besighede gevra om vir ons wenke of meer inligting te gee oor enige aspek van gesondheid, hier volg Youniq Skin se woorde oor:**

**"MICRONEEDLING"**

"Microneedling" of kollageeninduksieterapie, is 'n vinnige en maklike prosedure wat help om die voorkoms van fyn lyne, pigmentasie, plooie, aknee littekens, matige littekens en vergrote porieë te verminder.

Hierdie prosedure verseker baie meer as 'n jonger vel. Dit kan die hergroei van hare bevorder, en dit is ook 'n rekmerk-behandeling.

**Wat is microneedling?**

Na dertig jaar verloor jou vel ongeveer 1% kollageen per jaar.

Hierdie behandeling help om probleme met velstrukture te verminder deur die groei van kollageen en elastien te bevorder.

Die teorie agter microneedling is dat die naalde wat die vel penetreer tydens die behandeling, bestaande kollageen- en elastienselle afbreek. Hierdie proses stimuleer sterkter en beter kollageen, asook elastien.

Kollageen en elastien is verantwoordelik om jou vel ferm en elasties te hou.

Die prosedure help om hierdie veroudering te vertraag en bevorder 'n gesonder en jeugdiger vel.

**Wat om te verwag tydens 'n behandeling**

Die behandeling duur ongeveer 60 minute. Ongelukkig word die voordele nie dadelik opgemerk nie. Die selherwinningsproses - die hergroei van kollageen en elastien - neem tyd. Verwag dus dat jou vel sal verbeter gedurende 'n periode van drie tot vier maande na die behandelings. Die voordele van veelvuldige behandelings is meer effektief.

**Hoe kry u maksimum resultate?**

Daar is 'n paar produkte wat ek aanbeveel in samewerking met mikrobewerking.

Na die behandeling is dit vir my belangrik dat kliente produkte van SVR of Filorga gebruik wat epidermale herstel bevorder. Hierdie produkte help om die selherwinningsproses te bevorder en is 'n uitstekende bevogtiger. Daar is verskillende produkte beskikbaar vir verskillende velkondisies.

Ek beveel kliënte sterk aan om mikro-naaldbehandelings met chemiese "peels" te koppel. Chemiese "peels" help om die velstruktuur, plooie en pigmentasie ook te verbeter. Hierdie behandelings kan saam gedoen word vir vinniger resultate.

Skakel gerus vir Elandie Hanekom by 072 461 1696 vir enige navrae of om 'n afspraak te maak vir jou velversorging.

YOUNIQ skin

the local choice Pharmacy & Clinic
57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron PLATTELAND
KLINIEKTYE: DINSDAE & DONDERDAE: 08:00 - 17:00
T 087 527 0723 063 721 4950 E platteland@thelocalchoice.co.za

Hier volg Platteland Apteek se woorde oor:

**GRIEPINSPUITINGS VANJAAR UITERS BELANGRIK**

Een ding is verseker, Covid-19 is hier om te bly. Ons almal is moeg vir aanhoudend hande ontsmet, maskers dra en sosiale afstand hou. Ons vitamien C, sink en vitamien D vlakke is tot hul hoogste in jare aangevul om die onsigbare vyand aan te vat. So het 'n winter gekom en gegaan en hier is ons alweer op die voorstoep van herfs.

Dit is vanjaar belangrik om te voorkom dat jy griep kry, omdat jy eerstens die risiko loop om aan mense met Covid-19 by die dokterspreekkamers blootgestel te word (Hulle voorspel inderdaad alweer 'n derde golf teen Maart), en tweedens dat as jy griep en Covid 19 gelyk opdoen, jou simptome soveel erger sal wees en jou kanse om gehospitaliseer te word, soveel groter sal wees. Daarom is dit noodsaaklik dat jy vanjaar jou griepinspuiting kry.

Ouer mense se risiko is groter om erge influensa of Covid-19 op te doen en daarvan te sterf. Griep kan weer erge siektes by kinders veroorsaak wat in teenstelling met Covid 19 is, en tot dusver min sterftes tot gevolg gehad het.

**Wie moet die griepinspuiting kry?**

Die Wêreldgesondheidsorganisasie stel voor dat die volgende hoë risikogroepe jaarliks ingeënt moet word:

- Swanger vroue in enige fase van swangerskap
- Kinders tussen die ouderdomme van 6 maande – 5 jaar
- Bejaarde mense (ouer as 65 jaar)
- Individue met kroniese mediese toestande
- Gesondheidswerkers
- Eintlik kan mense van alle ouderdomme voordeel daaruit put om hierdie winterseisoen teen influensa ingeënt te word.

**Kan hierdie griepinspuiting my siek maak?**

Nee. Die griepinspuiting kan jou nie siek maak nie. Die inenting word eers geproduseer en dan doodgemaak; dit bevat dus slegs die dooie griepvirus. As jy voorheen siek geword het, is dit waarskynlik a.g.v. 'n ander virus wat op dieselde tyd as griep sirkuleer het.

So wees veilig hierdie winter en kry jou griepinspuiting vanjaar vroegtydig!

Skakel gerus Platteland Apteek by (087) 527 0723 vir enige gesondheidsnavrae of medisinale bestellings.

the local choice PHARMACY here for you.

Hier volg Elsa Labuschagné van Riemland Apteek se woorde oor:

**DIE WAARDE VAN WATER DRINK**

RIEMLAND Apteek

Ons almal hoor ons moet agt glase water (2 liter) per dag drink vir goeie gesondheid.

**Wat is die waarde van soveel water per dag te drink?**

Babas en klein kinders kan baie maklik dehidreer a.g.v. te lae in name van vloeistof/water per dag. Ons liggaam bestaan uit 80% water. Jou organe moet egter baie goed gehidreer wees om optimaal te funksioneer. Jou niere sorg vir die uitskeiding van afvalstowwe uit jou liggaam. Indien jy te min water inneem, bly die afvalstowwe in jou liggaam agter. Dit kan jou liggaam vergiftig en pyn veroorsaak. Jy kan ook baie sleg voel van al die gifstowwe in jou liggaam. Ouer persone kan maklik deurmekaar en gedisoriënteerd raak as hulle dehidreer.

Deur genoeg water te drink word verseker jou spysverteringstelsel is gereeld en voorkom hardlywigheid. Alle gewigsverliesprogramme beveel die drink van baie water aan wat jou help gewig verloor. Gereeld water drink gee ook 'n mooi gehidreerde vel en gesonde voorkoms. Te min water drink kan ook branderige droë oë veroorsaak.

Sonder water kan ons nie. Jy kan vir 10 dae sonder kos klaarkom, maar slegs vir 3 dae sonder water.

Maak elke oggend vir jou vier 500ml bottels vol water. Geur dit met kruisementblare of suurlemoenskyfies. Dit is makliker om 500ml water op 'n slag te drink as om teen 'n beker met 2l water in, vas te kyk.

Deel jou dag op: drink twee bottels deur die oggend en twee in die middag voor 18:00 sodat jy nie in die nag hoef op te staan om draaie te loop nie.

Skink vir jou 'n glas vol water! Cheers op goeie gesondheid!

Skakel gerus Riemland Apteek by 058-8521570 vir enige gesondheidsnavrae of medisinale bestellings.



Ngwathe MUNICIPALITY The home of harmony, prosperity and growth

**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY (FS203)**

**ADJUSTED BUDGET 2020/21**

The **Municipal Adjustments Budget for the financial year ending 30 June 2021** is hereby published in accordance with Chapter 4, Section 28 of the Municipal Finance Management Act,

Act No. 56 of 2003.

In view of the aforementioned Act, the following table is a consolidated overview of the proposed 2020/21 Medium- term Revenue and Expenditure Framework:

**Table 1 Consolidated Overview of the 2020/21 ADJUSTMENT**

| R thousands | Actual Budget 201920 | Adjusted Budget 201920 | Actual Budget 202021 | Adjusted Budget 202021 |
|---|---|---|---|---|
| Total Operating Revenue | 791 221 | 764 427 | 804 456 | 840 598 |
| Total Operating Expenditure | 832 507 | 782 787 | 823 642 | 859 784 |
| **Surplus/(Deficit) for the year** | **- 41 286** | **- 18 360** | **- 19 186** | **- 19 186** |
| **Capital** | | | | |
| Total Operating Revenue | 108 872 | 96 872 | 119 119 | 135 419 |
| Total Operating Expenditure | 143 590 | 99 799 | 120 818 | 135 686 |

Total adjusted operating Expenditure for the 2020/21 financial year amounts to **R 859 million**, the total adjusted Revenue amounting to **R 840 million** and translates into a budgeted deficit of **R19 million** (inclusive of non-cash items,**R19 million**). The total Capital budget for 2020/21 financial year amount to **R 135 million, funded and R267 thousand internal**.

**The council Of Ngwathe Local Municipality, on the 26th February 2021, approved the Adjustments budget 2020/21**

The copy of the budget adjustment is available on the municipal website. www.ngwathe.fs.gov.za

**Enquiries can be directed to:**

**Bruce Kannemeyer**
Municipal manager
jordaanr@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

**Hopolang Lebusa**
Chief Financial Officer
hopolang@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

Themba Mpindo
Budget and Expenditure Manager
mpindo@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700



# UIT DIE PEN

***Liewe Oom Natie***

Eendag, lank lank gelede, was daar 'n stuk grond wat geoormerk was vir 'n lughawe. Die lughawe is toe na Palmietfontein genoem. Jare daarna word Jan Smuts, 'n regte slim oom met 'n ongelooflike algemene kennis en 'n paar grade, vereer deur die lughawe na hom te vernoem.

Ewe skielik is oom Jan nie meer goed genoeg nie, en die lughawe word na Johannesburg Internasionaal verander. En toe ons ons oë twee keer knip, word dit Oliver Tambo Lughawe.

Klein goeters moes verander: al die skryfbehoeftes wat daar gebruik word, vliegkaartjies waarop die logo van die lughawe verskyn, die logo op die vliegtuie, vliegtuie se sitplekke, lappies oor die sitplekke, kussinkies, kombersies vir diegene wat ver moet vlieg, die uniforms van grond- en lugpersoneel. Dan is daar die naamborde op die hoofweë en by die parkeerterrein. Ander advertensies moes ook verander word. En dit is sekerlik net die oortjies van die vliegtuig.

Of is dit nou die seekoei?

Nietemin. So hoor ek dat Port Elizabeth se naam nou verander het na Gebegga. Of so iets. Probeer nou vir 'n anderstalige hierdie woord leer. Meeste van hulle het nie die g-klank in hulle taal nie. Oja, maar hierdie g-klank word anders uitgespreek.

Toe kom Uitenhage wat nou Kariega is. Ek hoor dat die inwoners verwys na "Ytinhaag", Goed, ek kan Kariega ten minste sê, so dink ek ook dat die meeste mense, oorsee en ter plaatse, dit sal kan uitspreek.

Maar aarde, oom Natie, hoe spreek mens Qonce uit? Dis nou die nuwe naam van King William's Town. Dit was 'n skok op my sisteem toe ek hoor dat Maclear nou iets is soos Njanjaroe word. Wel, dit is soos wat dit vir my klink.

Gisteraand lees ek dat selfs die burgemeester van PE vertel het dat die nuwe naam nie 'n algemene isiXhosa betekenis het nie. Dit was die naam wat die Xhosa's aan die Baakensrivier gegee het.

Toe sê een of ander slim, geleerde professor by een of ander Universiteit dat hierdie woord regtig bestaan. Dit is 'n argaïese woord wat "riete" beteken.

Kom ons gebruik gou 'n Afrikaanse vergelyking. Ek weet oom sal nie verstaan nie, maar ter wille van diegene wat kan. Wie verstaan die volgende sin?

"Die meester het met awend die beeldradio as eksempel van die introduksie van skarminkels omskryf."

Ja, oom, ek verstaan wat daar staan, maar niemand praat meer so nie. Dieselfde met Gebegga. As dit nie vir *The Kiffness* was nie, het ek nou nog daarmee gesukkel.

Iedergeval. Wat ek eintlik vir oom wil sê, is dat hierdie oefening miljoene rande gaan kos. Wat jou seker nie pla nie, maar dit pla ander. Soos vir my.

Jan-Jan Joubert het eenkeer op

# WEEK NEGE VAN 2021

RSG gesê dat die Oos-Kaap doen wat die Oos-Kaap al vanaf 1994 doen. Niks. Hulle sit met hande gevou. Hulle bestel interessante motorfietse teen miljoene rande, wat boggerôl gehelp het met die pandemie nie.

Hulle onderwysstelsel is byna teen die grond, maar hulle probeer nogsteeds onverpoosd geld misbruik om leerders in hulle moedertaal te laat skoolgaan. Die nasionale parke in die Oos-Kaap verval, die paaie lyk amper soos die Vrystaat s'nne en gesinne in die afgeleë word net in ag geneem wanneer dit stemdag is.

Nou wil oom Natie die niks geld wat hulle het, gebruik om die name van die dorpe te verander. Verduidelik vir my hoe dit die provinsie en die land in geheel gaan baat? Jy kan eenvoudige taal gebruik, so asof ek in graad 1 is, jy kan al jou tyd ook gebruik, ek sit gereed om te luister na die verduideliking van iets wat ek glad nie verstaan nie.

As ek gou met myself 'n dinkskrum kan hou, is die volgende 'n paar goeters wat nou sal moet verander: straatnaamborde (wat al klaar nie bestaan nie), padpredikante, skryfbehoeftes van alle besighede in hierdie "nuwe" dorpe. Alle verwysings na hierdie besighede op die internet moet verander. Dit alleen beloop seker honderde miljoene rande. Die hartseer is dat die skryfbehoeftes en internetverwysings wat betrekking het op besigheidseienaars, moet deur hulle gefinansier word. Die ander word deur my gefinansier, want ek betaal belasting. Nou, oom Natie, sê jy dat mense 30 dae het om vertoë aan jou te rig oor die naamsverandering. Kom ons wees eerlik: as ek nie 'n brief wil beantwoord nie, gooi ek dit doodeenvoudig weg, of ignoreer dit.

As ek nie van die rede van die vertoë hou nie, loop daardie brief dieselfde pad. Watter versekering het ons dat daardie vertoë die regte pad sal loop? As ons miskien die regering meer vertrou het, sou ons meer met julle kon kommunikeer, maar helaas.

*Bottom line* is dat ek, my familie en my kollegas vir jou besluit gaan moet betaal. Want ongeveer 8% (ek praat onder korrupsie) betaal belasting om die res van die bevolking aan die lewe te hou. Om geld bymekaar te maak wat in elk geval gesteel word. Nou vra ek jou weer, oom Natie, hoekom moet die name verander word? Die enigste rede wat ek aan kan dink, is omdat hierdie dorpe al in so 'n mate verval het, dat 'n naamsverandering soms 'n goeie ding is. Want PE was PE toe PE nog PE was. Of die Baai, soos wat mense al van toentertyd af daarna verwys. Maar nou is daar probleme met dienslewering, daar is bendes wat mense doodskiet, dwelmhandel, swak bestuur ad nauseam. Verander dan maar die naam sodat die naam by die huidige toestand van die dorp pas.

Ek wonder toe die ander dag hoekom PE die Baai genoem word? Ek dink dit is omdat hulle nie Porduliesabet kan spel nie.

Ek wonder net hoe op aarde hulle die volgende name gaan verstaan.

En ek, oom Natie, ek moet werk sodat jy weer aan maniere kan dink hoe om my bydrae tot die staatskas kan verkwis.

Sal die mense by die Uniegebou weet waar is jou kantoor? Ek sal maar net die brief merk: Minister Natie Mthetwa, minister van Sport, Kuns en Kultuur.

# COVID-19: WAT JY VANDAG MOET WEET

Heilbron se bevestigde gevalle staan op 783 soos ontvang van die Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste op 3 Maart 2021.

Heilbron Herald het laas week berig dat Heilbron op 'n totaal van 773 bevestigde gevalle gestaan het teen 23 Februarie. Pesident Cyril Ramaphosa het Suid-Afrikaners Sondagaand toegespreek en aangekondig dat die land na 'n verslapte vlak 1 van die inperkingsperiode skuif. Dit is vandag 'n jaar sedert die eerste Covid-19 geval in Suid-Afrika bevestig is. Die aanklokreël geld nou van 00:00 tot 04:00, die normale verkoop van alkohol geld weer, alle godsdienstige, sosiale, politieke, en kulturele byeenkomste word beprek tot 100 mense binnenshuis en 250 mense in die buitelug, nagwake word steeds nie toegelaat nie; nagklubs bly egter gesluit en die dra van maskers is steeds verpligtend. Dit is vandag dag 344 van die inperkingsperiode en teen druktyd was die aktiewe gevalle vir die land op 'n totaal van 31 124.

**Fezile Dabi Cumulative Covid Cases 3 Mrch 2021**

| | | | |
|---|---|---|---|
| METSIMAHOLO | Sasolburg | 3226 | 3697 |
| | Deneysville | 369 | |
| | Oranjeville | 102 | |
| MOQHAKA | Kroonstad | 3111 | 3575 |
| | Viljoenskroon | 389 | |
| | Steynsrus | 75 | |
| NGWATHE | Parys | 969 | 2479 |
| | Heilbron | 783 | |
| | Koppies | 520 | |
| | Edenville | 72 | |
| | Vredefort | 135 | |
| MAFUBE | Frankfort | 615 | 989 |
| | Villiers | 192 | |
| | Cornelia | 39 | |
| | Tweeling | 143 | |
| | | 10 740 | |



# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 35(5) VAN DIE BOEDELWET

In die boedel van wyle **JOHANNA ELIZABETH POTGIETER,** Identiteitsnommer 420711 0004 089, wie oorlede is op 13 Oktober 2015, getroud binne gemeenskap van goedere met **CORNELIUS DANIËL POTGIETER,** Identiteitsnommer 430713 5002 082 en woonagtig was te Wilsonstraat 2, Reitz, boedelnommer 001832/2016.

Ingevolge Artikel 35(5) van die boedelwet, Wet 66 van 1965 word hiermee kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distrubisierekening in bogenoemde boedel in die kantore van die Meester te Bloemfontein en Landdroskantoor te Reitz vir 'n tydperk van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van publikasie hirvan ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het.

**CHRISTIE VAN WYK**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 26**
**POSBUS 98**
**REITZ**
**9810**
**TEL: 058 863 3468/9**
**FAKS: 058 863 3467**

Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of
**Deed of Transfer TE8567/2001**
Passed by: **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY,**
In favour of: **PAUL PHOLOLO ROOILAND, Identity Number 760627 5545 082,**
In respect of certain: ERF 4227 phiritona, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks after the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 1st day of March 2021.

**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELOIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON**
**9650**
**TEL: 058 852 2035**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of
**Deed of Transfer T14722/2010**
Passed by: **THE SHERIFF OF THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA, (FREE STATE HIGH COURT, BLOEMFONTEIN),**
In favour of: **MARIA ELIZABETH MYBURGH, Identity Number 650622 0059 083, married out of community of property**
in respect of:
ERF 1122 HEILBRON, (EXTENSION 15), DISTRICT HEILBRON
PROVINCE FREE STATE
IN EXTENT 1823 (ONE THOUSAND EIGHT HUNDRED AND TWENTY THREE) SQUARE METRES. HELD BY DEED OF TRANSFER T14722/2010, which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 3rd day of March 2021.

**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET,**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**jhjansen@jansenprokureurs.co.za**

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
**R**

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**




# DIENSTE

**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
Ou Heilbron Betonwerke se gebou
**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net).
Velde of wen-akkers.
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
**R**




# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***

# TE KOOP

**PLOT TE KOOP**
Plot 12 Highlands Heilbron.
***Kontak Bennie Steenkamp***
***082 328 4998***




**POSTNET HEILBRON**
**Besigheidsure**
**Maandae - Vrydae:**
08:00 -16:30
**Saterdae:**
09:00 -12:00
*Elsstraat 42*
*HEILBRON*
*Tel: 058 853 0006*

**AANKOOP VAN SPEENKALWERS**
Aankoop van alle speenkalwers.
**Kontak Jannie Bornman**
**072 287 4111 • Heilbron**










# Op reis na (n)êrens

DEEL 2

## OOM DANIE SKRYF...

deur Albie Schoeman

Grendelstraat 9
Locktown, 2020

3 April 2020

***Liewe dominee Braam***

Dit is weer ek, oom Danie. Jammer dat ek so lastig is, maar voor ek kla, wil ek net noem dat dit onder omstandighede nog goed gaan met ons. Behalwe dat dinge maar styf bly tussen die oom en die tannie. Die ding met die vullissakke het nog lank nie gaan lê nie. Die tannie se tong is maar skerp as sy kwaad raak. Ek haal maar my oorgoedjies uit en sit die masker op as dit te rof raak. Dan kan ek haar nie hoor nie en sy kan nie sien as ek terugpraat, Dominee verstaan.

Ek en die tannie was toe dokter toe met ons borse. Daai muur het die tannie lelik gekrap toe ek haar moes oorhelp. Op haar *safte* plekke voorlangs, as Dominee verstaan wat ek bedoel. Ek wou sommer bietjie speensalf aansmeer. Dis so goed vir seerplekke, maar die tannie wou nie. Ai Dominee die medies is darem duur deesdae. Amper vergeet ek. Dokter Lood sê my bors is nie ernstig nie. Hy dink ek het koue gevat toe ek en die tannie so kaal die sakke gaan uit sit het... Ai Dominee, ek weet nie hoe ons so kon struikel voor die sonde nie. Sal ons ooit weer die wêreld in die oë kan kyk? Ai Dominee, ek is so bang die kinders vind uit. Dominee Braam weet hoe langer hierdie kwarreltrein ding aanhou, hoe meer eet en stry ons. Die eet pla Oom nie baie nie. Eet is maar in my bloed, maar die arme tannie kry swaar sonder haar gym so saam met die baie eet. Het Dominee al gesien 'n vet man knoop sy skoenveters aan die kant van sy skoen? Ek dink nou daaraan. Dominee moet gerus kyk. Dominee Braam sal my nie glo nie. Die tannie het om die huis begin hol vir oefening. Dominee moenie lag nie die tannie kan nog hol. Op haar dag was daar min wat saam met haar kon hol. Sy het eenkeer op skool 'n beker met haar hol gewen. As Dominee my nie glo nie, kan Dominee self kom kyk as Doom weer eendag mag huisbesoek doen. Dis nou die beker, nie hoe sy hol nie Dominee...

Ek sê vir haar as ons so aanhou eet, is ons noodkos op voor die einde van die week. Sy het laas so eetlus gehad toe sy klein Danie verwag het...

Ai, hy is ook al groot met sy eie kinders. Dominee moet vir klein Danie sien. Dis nou nie klein Danie nie, dit is klein Danie se Danie as Doom verstaan wat ek bedoel.

Ek kyk maar anderpad as die tannie hol. Daar is al 'n voetpad op die gras gehol. Ek gee nie om vir voor met die plaveisel nie. Dis agter by die braaiplek wat my pla. Die winter is naby. Dominee, ek weet nie of die gras weer gaan vat nie. Maar die tannie se gesondheid is seker belangriker of hoe sê ek, Dominee?



Dominee moet my sê of ek verkeerd is, maar klein Sipho hier agter ons blaas dag in en dag uit op sy vuvuzella. Ek weet nie of Dominee Braam die Dlamini's ken nie. Ek dink nie hulle is by ons nie. Hulle moet in 'n ander kerk wees. Hulle kyk heeldag sokker op TV en elke keer as daar 'n doel is, blaas die mannetjie op die ding. Ek dink hulle kyk net die highlights, want hy blaas baie.

Dominee, ek wil nie moeilikheid maak nie, maar dit kan tog nie so aangaan nie. Het Dominee gesien hoeveel sokkerkanale is daar? 'n Hele spul en net een vir rugby! Maar dis hoe dit deesdae gaan Dominee.

Ek sê vir die tannie met haar hollery om die huis en daai mannetjie se geblasery, gaan ons mure nog omval. Kyk wat het by Jerigo gebeur...

Jammer Dominee, ek praat ook so baie. Wat ek eintlik wou sê, is dat die tannie vanmiddag 'n ongeluk gehad het. Sy het op die hark getrap en haar enkel lelik seergemaak. Pleks sy die ding bêre as sy klaar die gras gesny het.

Dokter Lood sê sy sal vir minstens twee weke sonder haar hol moet klaarkom. Dis nag in ons huis Dominee. Met die baie eet, gaan sy haar hol vreeslik mis. Sal Dominee asseblief 'n kansie maak en haar bel. Sy sal dit so waardeer!

Sê groete vir Mevrou en nogmaals baie dankie dat Dominee altyd bereid is om te luister. Lekker dag en pas julle mooi op.

Groete.

Oom Danie.

*Dominee, net 'n laaste vragie. Hoe oud was Abraham en Sara nou weer toe hulle vir klein Isak verwag het?*

*Oom vra maar net.*

*Skets erkenning: Mia Marais*

POSTNET HEILBRON
Friendly, Professional Staff!
Huge variety of products to suit your needs!
Our customers come first!
Why go anywhere else?

**BLOEDSKENK DATUMS**
23 Maart, 25 Mei, 27 Julie, 28 September, 23 November

the local choice Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
essence cosmetics
New essence range in store!
Limited stock available on old essence range.
T 087 527 0723
063 721 4950
E platteland@thelocalchoice.co.za
57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa. 6/3 | 13/30 | Sonnig |
| So. 7/3 | 14/32 | Sonnig |
| Ma. 8/3 | 15/32 | Sonnig |
| Di. 9/3 | 14/30 | Sonnig |
| Wo. 10/3 | 16/30 | Sonnig |
| Do. 11/3 | 15/28 | Sonnig |
| Vr. 12/3 | 14/28 | Sonnig |
| Sa. 13/3 | 14/28 | Gedeeltelik bewolk |
| So. 14/3 | 14/27 | 40% kans vir donderbuie |
| Ma. 15/3 | 16/26 | 72% kans vir reën |
| Di. 16/3 | 15/26 | Bewolk |
| Wo. 17/3 | 15/27 | Sonnig |
| Do. 18/3 | 14/26 | Sonnig |
| Vr. 19/3 | 14/25 | Sonnig |
| Sa. 20/3 | 15/26 | Sonnig |



# NGWATHE BEPLAN SKONER DORPE

Die strate en parke in Heilbron, Phiritona en Sandersville gaan binnekort skoner en netter wees as wat dit in jare was, dis wat Ngwathe se stadsraad verlede Vrydag besluit het. 'n Sestal nuwe inisiatiewe om Heilbron en Ngwathe se vier ander dorpe, townships ingesluit met mening te begin skoonmaak en selfs met meer bome te versier, is eenparig goedgekeur.

In een van die programme wat as "Adopt-a-spot" bekend sal staan, gaan morsplekke, sogenaamde "hot spots", opgeruim word en inwoners daar naby gaan dan versoek word om die morsplekke sindelik te help skoon hou. Op voorstel van DA-raadslede en met steun van alle ander raadslede, sal die program onmiddellik begin.

Dit kom in werking in al vyf dorpe in die munisipaliteitstreek, so gou hulpbronne en fondse dit toelaat.

Die opruimingsprogram gaan inpas by die daaglikse rondtes van Ngwathe se vullistrokke.

Die opruimings begin soos volg: Heilbron - Maandae, Sandersville - Dinsdae en Woensdae. Morskolle in Phiritona sal Donderdae en Vrydae opgeruim word.

Me. Phumzile Nhlapo, Ngwathe se Direkteur van Gemeenskapsdienste, sê dat spesifieke morskolle elke week geteiken en skoongemaak sal word, inwoners en nabye sakefirmas word versoek om verdere stortings te help verhoed. Die program sal aangevul word met voorligting aan gemeenskappe. Leerders vanuit plaaslike skole sal ook betrek word.

Me. Nhlapo het ook goedkeuring verkry dat haar personeellede Vrydae sover moontlik sal help met opruimingsaksies.

*Adopt-a-spot* is een van die sestal voorstelle en programme om ons dorpe skoner te maak, herwinning te bevorder en beheer oor disfunksionele stortingsterreine te herstel," sê DA-raadslid Arnold Schoonwinkel. "Al ses is Vrydag eenparig goedgekeur." Hy meen egter die nuwe programme moet nog verder bespreek en verfyn word. "Ons het versoek dat meer insette vanaf sakefirmas en groepe soos die Ontwikkelingsforum, Sakeliga en inwoners ingewin word. Namens die ANC, word dit ondersteun deur ANC-raadslid Philemon Ndayi, Heilbron se hoofsweep en lid van die Burgemeester se Uitvoerende Komitee en aanvaar."

Schoonwinkel verwag dat die nuwe inisiatiewe, indien dit reg bestuur word, skoner dorpe sal meebring, en ook herwinning van rommel sal aanhelp. "Dit sal toerisme en belegging bevorder, wat broodnodige werk sal help skep." Hy en ander DA-raadslede het reeds Maandag die nuwe planne aan inwoners en sakelui begin verduidelik. "Ons ontvang puik ekstra idees van hulle en sien toenemende entoesiasme."

Phillip van der Merwe VF+ Raadslid, is ook hoopvol dat die inisiatiewe sinvol is en op die regte tyd kom, "na ons lang Covid-inperking." Hy verwag dat skoner dorpe onmiddellik besoekers sal begin trek. Hy is ook bly dat burgemeester Joey Mochela aangedui het dat sy die planne heelhartig steun.

Heilbron Herald sal later meer oor die verskeie programme berig.

# FAK EN VOORTREKKERS BRING HULDE AAN GESTORWENES



Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) in samewerking met Die Voortrekkers in Heilbron in die Vrystaat het die naweek hulde gebring aan diegene wat in die Anglo-Boereoorlog dood is.

Elna Cloete, kommandoleier van die Heilbron Voortrekkers, sê: "As Voortrekkers is dit vir ons 'n voorreg om die helde wat die hoogste prys vir hulle land betaal het, te eer en te sê ons sal julle nie vergeet nie". "Elke tree wat ons gee vertel 'n verhaal van waar ons was en waarheen ons gaan. Ons kinders moet terugkyk en dankbaar wees, maar ons wil hulle ook leer om vooruit te kyk en hoopvol te wees in die toekoms.

Ons bedank die FAK wat hierdie geleentheid gefasiliteer het."

Tydens die kransleggingseremonie Saterdag, by die Burgerskapmonument voor die NG Moedergemente op dié dorp is daar ook hulde gebring aan Dirkie Uys, wat volgens oorlewering op 27 Februarie 1902 dood is toe hy skaars 12 jaar oud was.

Dirkie het besluit hy gaan eerder by sy pa en broers by die kommando aansluit as wat hy saam met sy ma en sy jonger sibbe deur die Engelse na die konsentrasiekampe geneem word. Klein Dirkie het sy woord gestand gedoen en sy ma gegroet toe hulle hoor die Engelse het die naburige plase afgebrand.

Dit was op hul moeder se oudste kind, Uysie, se verjaardag op 27 Februarie 1901. Presies 'n jaar later, op 27 Februarie 1902, het klein Dirkie gesneuwel terwyl hy sy pa probeer beskerm het toe die klein kommando van Heilbron deur 'n Engelse oormag oorval is.

Jan-Danie Malan, koördineerder van FAK-Kultuurnetwerke in die Vrystaat, sê Dirkie Uys was 'n onbekende held. "Die FAK weet dat hierdie onbekende helde se bloed steeds in ons are vloei.

Ons sien dit steeds in ons vrywilliges en organisasies soos Die Voortrekkers, Rapportryers en Suid-Afrikaanse Weermag Vereeniging (SAWV). Helde wat daagliks sonder om te probeer, heldhaftig optree. As 'n mens diep spore wil nalaat, trek jou werkskoene aan.

Ons eer Dirkie vir hierdie voorbeeld."



*Gr 6 Olifantspan wat 'n erewag gehou het.*
*Foto geneem deur Lizané van Zyl.*



*Gr 7 Ratelspan*
*Vlag draers: JC Pretorius en Paul de Koker*
*Krans gedra deur MC Pieters*
*Krans neergelê deur Chanelle Engelbrecht*
*Foto geneem deur Lizané van Zyl*

HERALD SPORT

# DERTIG GHOLFERS GAAN DIT UITSPOOK

Dit lyk of verlede jaar se kampioene môre reg is om hul titels op Heilbron se gholfbaan te verdedig. Die President, Gerrie Muller, is baie tevrede met die opkoms en kan sien dat spelers uitgehonger is om kompeterend te speel. Die spelformaat is soos gewoonlik slagspel. Afdelings is ook in drie oopgedeel volgens voorgee. A0-9, B10 – 18, C18 – 36. Dames, juniors en senior afdeling speel net 18 putjies. Dit is ook vir die eerste keer in 'n lang tyd dat juniors weer gaan meeding. Spelers word versoek om reeds teen 07:00 in te skryf, die eerste spelers gaan om 08:00 afslaan. Die Vrydag "Joker Draw" is geskuif na Saterdag.

Ledegelde moet ook betaal wees om te kan speel.

**JAARPROGRAM : 2021**
**RIEMLAND JAGTERSVERENIGING**

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 6 MAART | SKIET OEFENING | 09:00 |
| 13 MAART | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 17 APRIL | SKIET OEFENING | 09:00 |
| 22 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 5 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 14 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |

**BLOEDSKENK DATUMS**
23 Maart
25 Mei
27 Julie
28 September
23 November

**POSTNET HEILBRON**
Besigheidsure
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae:
09:00 -12:00
*Elsstraat 42*
*HEILBRON*
*Tel: 058 853 0006*










**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Silma Petzer kantoorure 058 852 3033.**






## BKB Louwid

### Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 8 MAART 2021**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

**DINSDAG - 9 MAART 2021**

VEREENIGING Weeklikse veiling
Freek Pieterse 079 560 7088

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

**WOENSDAG - 10 MAART 2021**

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

BLOEKOMSPRUIT Twee-maandelikse veiling.
Kontak Rudy Nagel 082 905 6066

**DONDERDAG - 11 MAART 2021**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

KROONSTAD veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**VRYDAG - 12 MAART 2021**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Bennie van der Merwe 082 414 4228

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

BKB LOUWID

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid NOORD 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**